
© Die Oratorium Uitgewery

# SALIGE BENEDICT DASWA
## 1 FEBRUARIE

(1946-1990)

Hierdie eerste Suid-Afrikaner om deur die Kerk saligverklaar te word is gebore as Tshimangadzo Daswa in die stamgebied van die Venda. Hy word die naam Samuel gegee toe hy met sy skoolopleiding begin het en hy neem die heilige naam Benedict aan toe hy tot die Katolieke geloof bekeer het. Hy word 'n onderwyser en dien ook as kategeet in die Kerk. Bekend om sy eerlikheid en opregtheid word hy 'n leier in sy gemeenskap. Hy was 'n ware gesinsman en iemand wat uitgereik het na die behoeftiges en armes. Sy geloof was die grondslag van sy lewe en hy was uitgesproke teen die bygeloof en toorkuns wat nog 'n sterk houvas op vele van sy stamgenote gehad het. Hy word deur 'n oproerige skare vermoor toe hy weier om 'n geldelike bydrae te maak vir 'n plaaslike heksejag nadat weerlig 'n paar hutte aan die brand geslaan het.